Die Voortrekkers

Woensdag 18 April 2018

Geagte Gebiedskampleiers, Kommandoleiers en Adjunkkommandoleiers

INSAKE: OPROEP OM BENOEMINGS VIR TRANSVAAL SE GEBIEDSJEUGRAAD 2018/2019

Die tyd het aangebreek vir die aanstelling van die gebiedsjeugraad vir die termyn van 2018 tot 2019.

Lede van die gebiedsjeugraad het die volgende pligte:

1. Om op te tree as die verkenners se verteenwoordigers op die gebiedsbestuur en insette tydens gebiedsbestuurvergaderinge te lewer.
2. Om op te tree as die skakel tussen die verkenners en die gebiedsbestuur en derhalwe verantwoordelikheid neem vir die kommunikasie met oord- en kommandojeugrade.
3. Om aktiwiteite te beplan, organiseer en aan te bied met die ondersteuning van die Gebiedskomitee Verkenners.

Transvaal Voortrekkers nooi graag alle kamp- en kommandobesture om kandidate te benoem deur hulle te versoek om die Googlevorm aanlyn te voltooi by: https://goo.gl/forms/BCFdy2h73QqaUX9t2. Genomineerde verkenners het tot en met Dinsdag 1 Mei 2018 om hiérdie vorm te voltooi.

'n Verkenner wat hom/haar laat benoem moet aan die bepalings van die grondwet, reglemente en ondergenoemde lys van verantwoordelikhede voldoen alvorens hy/sy die benoeming aanvaar:

- Die verkenner moet 'n geregistreerde opbetaalde lid van Transvaal Voortrekkers wees.

Francis Baardstraat 990
Posbus 12924
Hatfield
0028
012 430 3914 (Kantoor)

transvaal@voortrekkers.org.za (finansies, terreine, verkenners, volwasse sake, penkoppe en drawwertjies, en bemarking)
admin@voortrekkers.org.za (administrasie, webblaaie, kennisgewings en SAS)

http://transvaal.voortrekkers.co.za/
Twitter: @twittvlvt
Instagram: tvl.vtks

Gebiedsleier: Zandra Machin
Adjunkgebiedsleiers: Elsa Schnetler, Anita Bezuidenhout, Anine Wheeler, Jaco van der Walt, Dirk van den Berg en Tekkies Kotze

- Die verkenner moet duidelik besef dat die gebiedsbestuur na die aanstelling nog verdere verantwoordelikhede kan toewys, soos nodig, om al die funksies van die gebiedsjeugraad behoorlik uit te voer.
- Die verkenner onderneem om deurlopend met verkenners, formeel en informeel, te skakel ten einde op hoogte te wees van wat nodig is om hul dienswerk te verbeter.
- Die verkenner moet bereid wees om, sover moontlik, al die betrokke vergaderings by te woon.

Verder word daar aanbeveel dat slegs verkenners wat tans in Gr. 11 is benoem word vir die gebiedsjeugraad.

Verkenners wat benoem is sal op Woensdag 2 Mei 2018 voor 12:00 'n opdrag per e-pos ontvang. Indien sodanige opdrag teen hiérdie tyd nie ontvang is nie, moet die benoemde verkenner dadelik met die Adjunkgebiedsleier Verkenners in verbinding tree.

Keuring vind plaas op Saterdag 5 Mei 2018 vanaf 08:00 tot 16:30 by die Dirkie Uys Voortrekkersentrum, Laerskool Anton van Wouw, Brooklyn. Alle benoemde verkenners móét hierdie keuring bywoon. Die drag vir hierdie keuring is slegs aktiewe Voortrekkerdrag soos voorgeskryf in Hoofstuk 26 van die Reglemente.

Indien daar enige onduidelik of navrae is, kontak gerus die Adjunkgebiedsleier Verkenners.

Vriendelike groete
Jaco van der Walt
Adjunkgebiedsleier Verkenners

Kontaknommer: 072 312 7722
E-posadres: jaco.vn.dr.walt@gmail.com